Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2018

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

**PUNTE:** **80**

**TYD:** **2 uur**

* I A F R F A 1 *

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Kyk- en Leesbegrip (VRAAG 1) | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming (VRAAG 2) | (10) |
| AFDELING C: | Taal (VRAAG 3, 4, 5 en 6) | (40) |

2. Lees ALLE instruksies baie deeglik.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin elke VRAAG op ŉ NUWE bladsy.

5. Trek ŉ streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat ŉ reël na ELKE antwoord oop.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Aanbevole tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

## VRAAG 1: ARTIKEL (TEKS A)

Lees die onderstaande artikel goed deur en beantwoord die vrae wat volg.

**ROBBENEILAND**

*Robbeneiland: van berug tot bekend*

1 Robbeneiland, wat so ŉ belangrike rol in die swart bevrydingstryd in Suid-Afrika gespeel het, is ŉ eilandjie in Tafelbaai. Dit lê sowat 8 kilometer van Kaapstad en is net sowat 3,5 km lank en 2 km breed. Die naam is afgelei van die talle robbe *(robben* in Nederlands) wat daar voorgekom het.



2 Met die koms van die Europese setlaars is probeer om ŉ rob- en visbedryf op Robbeneiland te begin. Omdat die eiland so alleen gestaan het, is dit toe gebruik as ŉ plek waarheen mense verban kon word soos bv. mense met ongeneeslike siektes soos melaatsheid, maar ook vir veediewe.

3 ŉ Latere politieke gevangene op Robbeneiland was die amaXhosa-leier en -profeet, Makana. Sy storie is baie interessant. Makana is teen die einde van die 1700s gebore en was van lae stand, maar deur sy persoonlikheid en sy algemene kennis het hy dit reggekry om baie gesag oor die amaXhosa te hê. Die blankes het hom *Links* genoem.

4 Hy het in 1819 gehelp om die aanval op Grahamstad aan te voer. Nadat hy verslaan is, het hy hom aan landdros Stockenstroom oorgegee en hy is vir ondervraging na Robbeneiland gestuur. In 1820 het hy probeer ontsnap, maar die hartseer is dat hy in die see verdrink het omdat hy nie kon swem nie.

5 Robbeneiland was later ŉ sleutelposisie in die verdediging van Kaapstad en groot militêre installasies is in die Tweede Wêreldoorlog daar gevestig. Weens sy slegte rekord vir bote wat op die rotse geloop het, is ŉ ligtoring op die eiland opgerig.

6 Na die oorlog het die eiland ŉ opleidingsentrum vir die Suid-Afrikaanse Vloot geword. ŉ Gereelde bootdiens is tussen Kaapstad en Robbeneiland ingestel en besoekers kon permitte kry om die eiland te besoek.

7 Maar in 1961 is besluit om die eiland onder die jurisdiksie van die Departement van Gevangenisse te plaas. Die eiland kon daarna dekades lank nie meer deur die publiek besoek word nie en het ŉ seegrens van sowat 1,5 km gehad.

Kopiereg voorbehou 

8 Dit is hierdie plek van isolasie waarheen oud-president Nelson Mandela in die jare sestig saam met andere verban is. Mnr Mandela is eers in 1982 van Robbeneiland na die Pollsmoor-gevangenis oorgeplaas. Hy is in 1990 vrygelaat.


'n Samegestelde foto van die blik op Kaapstad, en die eiland se bekendste gevangene. Links is die ou tronk.

9 Vir die teenstanders van apartheid het Robbeneiland die simbool geword van die triomf van die mens oor lyding en swaarkry.

10 Mnr. Govan Mbeki, vader van pres. Thabo Mbeki, is in 1977, terwyl hy nog op Robbeneiland was, met ŉ eredoktorsgraad in die sosiale wetenskappe vereer. Dit is deur die Universiteit van Amsterdam aan hom toegeken vir sy boek *The Peasants' Revolt,* wat reeds in 1964 in Engeland uitgegee is.

11 


Sedert 1997 is Robbeneiland se tronk ŉ museum. Die eiland is nie langer vir die publiek gesluit nie en bote vol besoekers vaar gereeld vanuit die Waterfront in Kaapstad daarheen. Opvoedkundige programme vir skole, maar ook vir volwassenes, word deur die museum aangebied, terwyl navorsing oor die eiland aangaan.

12 Daar word ook aandag aan die wildlewe van toeka se dae gegee, asook die baie pikkewyne en ander voëls. Die noordelike deel is tot ŉ voëlreservaat verklaar.

13 Die klippe wat uit Robbeneiland se steengroewe gebreek is, kom steeds in geboue soos die ou Kasteel in die Kaap voor. Op die eiland het gevangenes van die 1670s ook skulpe op die strande versamel en gebrand om kalk vir die kolonie in die Kaap te verskaf.

14 Maar dié is sommer ŉ kleinigheid. Robbeneiland se werklike bydrae tot die Suid-Afrikaanse geskiedenis is reusagtiger as wat jy sou dink van die klein eilandjie in die baai in die winderige Kaap.

[Verwerk uit: http://www.mieliestronk.com/robbeneil.html]

1.1 Skryf die twee woorde neer wat in teenstelling met mekaar gebruik word. (1)

1.2 Haal EEN woord in paragraaf 1 aan wat direk tot die eiland se naam gelei het. (1)

1.3 Hoekom is mense eers na Robbeneiland gestuur? Gee TWEE redes. (2)

1.4 Watter woord in paragraaf 2 verwys na immigrante? (1)

1.5 Verduidelik die volgende onderstreepte woorde:

*Makana was van <u>lae stand</u>.* (1)

1.6 Hoekom, dink jy, is mense met ongeneeslike siektes na die eiland gestuur? (1)

1.7 Hoe het Makana baie invloed oor die amaXhosa gehad? (1)

1.8 Hoekom, dink jy, het die Blankes Makana *Links* genoem? (1)

1.9 Hoekom kan die onderstreepte woord as 'n emosionele woord beskryf word? (2)

*In 1820 het hy probeer ontsnap, maar die <u>hartseer</u> is dat hy in die see verdrink het omdat hy nie kon swem nie.*

1.10 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter as jou antwoord neer. (1)

*Weens sy slegte rekord vir bote wat op die rotse geloop het,* beteken dat ...

A geen bote op die rotse geloop het nie.
B baie bote op die rotse geloop het.
C min bote op die rotse geloop het.
D al die bote op die rotse geloop het.

1.11 Hoekom, dink jy, het besoekers permitte nodig gehad om Robbeneiland te besoek? (paragraaf 6) (1)

1.12 Hoekom kon mense nie meer die eiland besoek nie? (paragraaf 7) (1)

1.13 In paragraaf 2 word Robbeneiland beskryf as 'n eiland wat <u>*so alleen gestaan het*</u>. Haal EEN woord uit paragraaf 8 aan wat dieselfde betekenis as die onderstreepte woorde het. (1)

1.14 Wat beteken die volgende stelling? (1)

*Die eiland het 'n simbool van triomf geword*? (paragraaf 9)

1.15 Hoekom, dink jy, is mnr G. Mbeki se boek eerste in Engeland uitgegee en nie in Suid-Afrika nie? (2)

1.16 Verduidelik hoekom die eiland in 1997 vir die publiek oopgemaak is. (1)

1.17 Hoekom, dink jy, word daar deesdae meer aandag aan wildlewe op Robbeneiland gegee? (2)

1.18 Wat beteken die uitdrukking *van toeka se dae?* (paragraaf 12) (1)


1.19 Kies die korrekte verklaring tussen hakies vir die onderstreepte woord in die volgende sin. (1)

Robbeneiland se bydrae in die geskiedenis is *reusagtig* beteken (dit is baie groot / daar woon reuse).

1.20 Wat word gebruik om kalk te maak wat ook in sement gekry word? (1)

**VISUELE TEKS (TEKS B)**

Bestudeer die onderstaande stuk en beantwoord die vrae wat volg.







[Bron: Wêreldgesondheidsorganisasie, Morne Schaap, Grafika 24]

1.21 Watter EEN woord sê vir ons dat daar meer as 1.25 miljoen mense <u>tydens 'n 12 maande tydperk</u> op die paaie sterf? (1)

1.22 Kies die antwoord vir die onderstreepte woord wat **nie korrek is nie**. Skryf slegs die vraagnommer en letter as jou antwoord neer, bv. 1.20 E. (1)

Bykans 'n miljard mense lewe in lande wat nie enige van die VN se padveiligheidskonvensies onderskryf nie.

A Net-net
B Amper
C Meer as
D Byna

1.23 Hoe weet ons dat tuberkulose en malaria dieselfde afname toon? (1)

1.24 Watter siekte is vanjaar die grootste oorsaak van sterftes in die wêreld? (1)

1.25 Hoeveel mense is in 2010 aan malaria dood? (1)

1.26 Hoekom, dink jy, is padongelukke die grootste oorsaak van sterftes vir persone tussen die ouderdomme van 15 en 29? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING (TEKS C)

## VRAAG 2

### INSTRUKSIES

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

- Noem SEWE beginsels vir ŉ suksesvolle onderneming.
- Skryf die beginsels puntsgewys neer.
- Nommer die sinne van 1 tot 7.
- Laat ŉ reël tussen elke wenk oop.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde **aan die einde** van die opsomming aan.

**BEGINSELS VIR ŉ SUKSESVOLLE ONDERNEMING**

In die begin, selfs nog voor jy met jou nuwe besigheid begin, moet jy die sakebeginsels baie goed ken. Hier is wat jy moet doen.

Moenie net inspring en hoop dit werk nie. Kennis is daarom die eerste ding wat jy moet hê as jy met ŉ nuwe onderneming wil begin. Lees op en ondersoek alles. Talle suksesvolle ondernemings is met minimale kostes begin. Hou dus die beginkostes so laag as moontlik. Jy moet seker maak dat jou besigheid ŉ behoefte in die mark sal voorsien en dat daar ŉ konstante vraag na jou produk of diens sal wees.

Geslaagde private besighede wat nie rompslomp beperk nie, kan hulle nie vinnig by nuwe modes en tegnologieë aanpas nie. Jy moet seker maak dat jy ŉ geldplan het en dat jy jou resultate maandeliks kan meet. Maak seker dat jou familie van die heel begin af van jou beplanning en geldplan weet, anders is almal gespanne.

Daar moet ŉ balans tussen werk, speel en jou gesin wees. Ons oorwerk ons almal in die begin om die besigheid te begin. As dit te lank aanhou, is dit ŉ gevaarteken dat ŉ mens besig is om perspektief te verloor. Moet nooit vergeet dat jou klante byna altyd ŉ keuse het om van iemand anders se produkte of dienste gebruik te maak nie. Weet altyd dat jy jou klante uitstekende waarde vir hul geld moet gee.

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL (Teks D)

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

Die vrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.




[Bron: http://www.huishorison.org.za/af/help-met-herwinning.html. Toegang op 05 April verkry.]

3.1 Hoe trek die opskrif ***Ons herwin!*** die leser se aandag? (1)

3.2 Wie is die teikengroep van die advertensie? (1)

3.3 Herskryf die volgende stelling in 'n algemene VRAAGSIN. (1)

Slegs skoon houers kan herwin word.

3.4 Die slagspreuk van die advertensie is 

. (1)

Waarna, dink jy, verwys die  ?

3.5 Waarvoor staan die E- in "E-afval"? Skryf slegs die woord as jou antwoord neer. (1)

3.6 Skryf die volgende sin in die LYDENDE VORM: (1)

Ons herwin elke dag skoon items en houers.

Begin so: Skoon items ...

3.7 Vervang die – met 'n woord in die volgende sin. Skryf slegs die woord as jou antwoord neer. (1)

Afleweringstye: Ma – Vry 09:00 – 16:00

3.8 Gee EEN WOORD vir die onderstreepte woorde in die volgende sin. Skryf slegs die woord as jou antwoord neer. (1)

Ons herwin elke dag skoon items en houers.

3.9 Hoekom word die woorde JA en NEE in groot letters gedruk? (1)

3.10 Gee die MEERVOUD van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as jou antwoord neer.

Ons herwin pamflet, advertensies en enige gemorspos. (1)

**[10]**

**VRAAG 4: STROKIE (Teks E)**

Die vrae wat volg, is op die strokies hieronder gebaseer.




[Verwerk en aangepas uit Rudie van Rensbug, Die Smitte www.google.search]

4.1 Hoe weet ons dat Ma Smit nie gaan help om die boeke te vind nie? (1)

4.2 Hoekom is daar ŉ ellips ( ... ) na Ma Smit se woorde in raampie 1? (1)

4.3 Wat impliseer Pa Smit met die volgende woorde:

*Vandag se kinders kan net iets op Google soek!* (1)

4.4 Gee die korrekte VOORNAAMWOORD vir (na + dit) in die volgende sin. Skryf slegs die woord as jou antwoord neer.

Ek het oral (na + dit) gesoek. (1)

4.5 Hoekom kom daar ŉ akuutteken (´) op die woord ***<u>wég</u>*** in die volgende sin?

Hoe kan jou boeke net ***<u>wég</u>*** wees? (1)

4.6 Watter woord in die raampie 2 sê vir ons dat die seun moed opgegee het? Skryf slegs die woord as jou antwoord neer. (1)

4.7 *Dit het verdwyn.*

4.7.1 Word die stelling hierbo letterlik of figuurlik gebruik? (1)

4.7.2 Gee ŉ rede vir jou antwoord in VRAAG 4.7.1. (1)

4.8 Hoe weet ons visueel dat Ma Smit ernstig met haar seun praat? (raampie 1) (1)

4.9 Hoe weet ons dat die kind nog op skool is? (1)
**[10]**

## VRAAG 5: PROSA (TEKS F)

- Die vrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike foute is gemaak met die herskryf van die artikel.

Vir niemand was dit vreemd dat (5.1) Willem het skielik "snaaks" begin raak nie. Die voorbeeldigste seun in die woonbuurt het skielik die (5.2) slordig geword – sy oë was (5.3) rooi en hy het 'n konfoesde uitdrukking op sy gesig gehad. Dit was die eerste tekens dat alles nie meer reg was met hom nie.



(5.4) Willem raak dikwels deurmekaar. Ongelukkig was sy ouers te besig met hul eie dinge. (5.5) Hulle het hul seun se agteruitgaan tot in die rioolputte van die lewe raakgesien. Toe hulle wakker skrik, was dit te laat. Nie eens 'n kliniek vir (5.6) mense wat aan dwelms verslaaf is, kon Willem genees nie en hy is later (5.7) oorlede.

Dit was (5.8) "sagte dwelms" wat tot die jong kind se dood (5.9) gelei het. (5.10) Sy maats vertel dat alles so "onskuldig" met 'n bietjie dagga begin het en wat hy net een keer saam met hulle probeer het. (5.11) Hier is 'n (lewe + les) vir alle tieners.

(5.12) Willem se storie is uniek. Willem se storie is gelukkig. Daar is baie Willems in die lewe en dalk ken jy ook 'n dwelmverslaafde. (5.13) Die samelewing veroordeel deesdae dwelmmisbruik. (5.14) Te veel mense (vandag / anderpad / kyk) na die probleem.

[Verwerk http://www. mieliestronk.com/dwelms.html]

5.1 Verbeter die WOORDORDE van die volgende sin. Herskryf die sin volledig.

Vir niemand was dit vreemd dat Willem het skielik snaaks begin raak nie. (1)

5.2 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as jou antwoord neer.

Hy het skielik die slordig seun geword. (1)

5.3 Gee die INTENSIEWE VORM van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as jou antwoord neer.

Sy oë was rooi. (1)

5.4 Skryf die volgende sin in die VERLEDE TYD.

Willem raak dikwels deurmekaar. (1)

5.5 Skryf die volgende sin in die NEGATIEF oor.

Hulle het hulle seun se agteruitgang raakgesien. (1)

5.6 Gee die PERSOONSNAAM van die onderstreepte woorde. Skryf slegs die woord as jou antwoord neer.

Nie eens ’n kliniek vir <u>mense wat aan dwelms verslaaf is</u>, kon Willem genees nie. (1)

5.7 Gee die SINONIEM van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as jou antwoord neer.

Hy is later <u>oorlede</u>. (1)

5.8 Gee die ANTONIEM van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as jou antwoord neer.

Dit was **<u>sagte</u>** dwelms wat tot die jong kind se dood gelei het. (1)

5.9 Gebruik die HOMOFOON van die onderstreepte woord in ’n verklarende sin.

Dit was sagte dwelms wat tot die jong kind se dood <u>gelei</u> het. (1)

5.10 Skryf die volgende sin in die DIREKTE REDE.

Sy maats vertel dat alles met ’n bietjie dagga begin het.

Begin so: Sy maats vertel ... (1)

5.11 VERBIND die WOORDE tussen hakies. Skryf slegs die woord as jou antwoord neer.

Hier is ’n (<u>lewe + les</u>) vir alle tieners. (1)

5.12 VERBIND die volgende SINNE met die woorde *nóg ... nóg*.

Willem se storie is uniek. Willem se storie is gelukkig. (1)

5.13 Herskryf die volgende sin deur die korrekte INFINITIEF te gebruik.

Die samelewing veroordeel dwelmmisbruik.

Begin so: Die samelewing behoort ... (1)

5.14 Herskryf die volgende sin in die korrekte SINSORDE.

Te veel mense (vandag / kyk / anderpad) na die probleem. (1)

Kopiereg voorbehou 

**PRENT (TEKS G)**

Die vrae wat volg, is op die prent hieronder gebaseer.



5.15 Voltooi die sin deur 'n gepaste UITROEP in te vul.

...! die blikkie val. (1)

5.16 Kies die KORREKTE WOORD. Skryf slegs die woord as jou antwoord neer.

Die (visgrate / visbene) hang by die drom uit. (1)

5.17 Gee die korrekte VERKLEINWOORD vir die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as jou antwoord neer.

Die klein kat kyk na die lekker viskoppe. (1)

5.18 HERSKRYF die sin en begin met die onderstreepte woord.

Pa maak vandag lekker kos. (1)

5.19 Verdeel die onderstreepte woord in LETTERGREPE. Skryf slegs die woord as jou antwoord neer.

Die kat het die melkbeker omgestamp. (1)

5.20 Gee die VERLEDE DEELWOORD vir die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as jou antwoord neer.

Die brand brood smaak nie lekker nie. (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou